**Titel:** 'n Sielsbegeerte
**Spreker:** Phillip Boshoff
**Datum:** 12 April 2015
**Tyd:** 09:00

shofar

**Eer geëin**
**jesaja 42:8 (nlv)**
8"Ek is die Here, dit is my Naam. My eer deel Ek met niemand anders nie. Die lof wat My toekom, deel Ek nie met afgode nie.

**'n Verheerlikde Naam**
**johannes 12:27-28 (1953)**
27Nou is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in
hierdie uur gekom. 28Vader, verheerlik u Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek hét dit
verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.

**Gekies om te verkondig**
**1 petrus 2:9 (1953)**
Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

1. **Geskep tot Sy eer**
   **jesaja 43:7 (1983)**
   7elkeen wat na my Naam genoem word, elkeen wat Ek geskep het tot my eer, wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het.

2. **Vergewe ter wille van Sy Naam**
   **psalm 25:11 (1983)**
   Ter wille van u Naam, Here, vergewe my my sonde, want dit is groot.

   **1 johannes 2:12 (1953)**
   Ek skryf aan julle, my kinders, omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil.

3. **Gered ter wille van Sy Naam**
   **psalm 79:9 (1953)**
   Help ons, o God van ons heil, om die eer van u Naam, en red ons en doen versoening oor ons sondes ter wille van u Naam.

4. **Verlos ter wille van Sy Naam**
   **esegiël 20:9 (1983)**
   "…maar Ek het gedoen wat die eer van my Naam vereis het. Ek wou nie dat my Naam oneer aangedoen word voor die oë van die nasies tussen wie my volk gewoon het nie, en toe het Ek My bekend gemaak aan hulle voor die oë van die nasies en my volk uit Egipte gebring."

   **esegiël 36:22 (1953)**
   Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het.

5. **Gelei in geregtigheid ter wille van Sy Naam**
   **psalm 23:3 (nlv)**
   Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die pad van geregtigheid tot eer van sy Naam.

**Insig tot Dawid se sonde**
**2 samuel 12:14 (1953)**
Maar omdat u die vyande van die HERE deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind wat vir u gebore is, ook sekerlik sterwe.

**Aan Hom die heerlikheid**
**efesiërs 3:20-21 (1953)**
[20]En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons
werk, [21]aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid!
Amen.

**Sy allerhoogste naam**
**filippense 2:9-11 (nlv)**
[9]Daarom het God Hom ook tot die hoogste posisie verhoog en aan Hom die Naam gegee wat
belangriker is as elke ander naam. [10]Só sal by die noem van Jesus se heerlike Naam elke knie in die
hemel en op die aarde en onder die aarde buig, [11]en elke tong sal bely: "Jesus Christus is Here!" En
só sal God die Vader verheerlik word!

**'n Vaste belofte**
**habakuk 2:14 (1953)**
Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek.

**Die hartskreet van 'n ware aanbidder**
**jesaja 26:8 (1953)**
Ook in die weg van u oordele het ons U verwag, o HERE! Tot u Naam en tot u gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit.

**jesaja 26:8 (nlv)**
Here, ons doen graag wat U van ons vra. Ons enigste begeerte is om u Naam te eer.

**psalm 71:8 (1953)**
My mond is vol van u lof, die hele dag van u roem.